**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 364/08

In die hersiening van:-

**DIE STAAT**

*versus*

**MOSALA PETRUS RALETING**

---

**CORAM:** WRIGHT, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 28 AUGUSTUS 2008

---

[1] Die beskuldigde is skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 5(b) van Wet Nr. 140 van 1992, deurdat hy handel gedryf het in 7,2 kilogram dagga. Hierop is die beskuldigde gevonnis tot 'n boete van R3 000,00 of by wanbetaling 12 (twaalf) maande gevangenisstraf, asook 'n verdere 12 (twaalf) maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is vir 4 (vier) jaar.

[2] Die skuldigbevinding is in orde. Daar kan ook nie fout gevind word met die boetevonnis van R3 000,00 as sulks nie. Beide

die alternatiewe gevangenisstraf van 12 (twaalf) maande sowel as die opgeskorte termyn van gevangenisstraf van 12 (twaalf) maande kom my egter so buitensporig voor in die omstandighede van hierdie saak dat dit nie kan bly staan nie.

[3] Die beskuldigde is 25 jaar oud en 'n eerste oortreder. Die beskuldigde het skuldig gepleit en 'n relatief klein hoeveelheid dagga is betrokke. Die beskuldigde is werkloos en het die dagga gekoop vir R300,00 met die bedoeling om dit vir 'n wins te verkoop, maar het nog nie enige daarvan verkoop op die stadium toe hy betrap is nie. 'n Vonnis van 12 (twaalf) maande gevangenisstraf is myns insiens in hierdie omstandighede treffend onvanpas. Na my oordeel moet beide die alternatiewe en opgeskorte termyne van gevangenisstraf verminder word na 6 (ses) maande.

[4] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig, maar die opgelegde vonnis verander na een van 'n boete van R3 000,00 of by wanbetaling 6 (ses) maande gevangenisstraf asook 'n verdere 6 (ses) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 5(b) van

Wet Nr. 140 van 1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Hierdie vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 28 Mei 2008.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT, R**

/sp